*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 7 Junie 2024*

***"Perfection is not attainable, but if we chase perfection we can catch excellence" Vince Lombardi***

## MOSAMBIEKSE SITRUSPRODUSENTE SLUIT BY CGA AAN

Mosambiek se sitrusbedryf het 'n beduidende stap na groei en volhoubaarheid geneem deur by die Citrus Growers Association of Southern Africa (CGA) aan te sluit. Die CGA en die Mosambiekse Sitrusvereniging (MCA) het vandeesweek 'n memorandum van verstandhouding onderteken. Deur by die CGA aan te sluit, sal Mosambiekse produsente nou tot 'n magdom kundigheid en ondersteuning toegang hê.

Tertius Strauss, Mosambiekse sitrusprodusent en hoofbestuurder van Verdant Produce Mozambique, is opgewonde oor die ontwikkeling: "This is the start of what will turn out to be an incredible journey. A journey that will continue for generations, as we are establishing an enduring citrus industry in Mozambique. At present it is very small, about 350 hectares, but it has so much potential. Joining the CGA is one of the ways we are getting citrus in Mozambique up and running and onto the global stage."

Die CGA en sy groep maatskappye sal die MCA op 'n aantal maniere bemagtig. Dit sluit in tegniese bystand vanaf Citrus Research International (CRI), gevorderde opleiding deur die Citrus Academy, en verhoogde toegang tot internasionale markte deur gevestigde CGA-kanale.

"Even though right now there are only two large citrus farms - one near Maputo and one near Massingir - it is not about the number of growers, but about the future possibilities. For instance, the orchards at Massingir are only three years old. It employs 150 people at the moment, but when the project is completed it will provide over 800 jobs," het Strauss namens die MCA verduidelik.

Die MCA is 'n breë-gebaseerde groep van belanghebbendes wat by die sitrusbedryf betrokke is. Hulle word gemotiveer om 'n florerende Mosambiekse sitrussektor te vestig deur hul unieke voordele, wat die nabygeleë Maputo-hawe insluit, te benut. Suurlemoene, Valencia-lemoene en pomelo's word tans in die suide van die land verbou.

Justin Chadwick, die HUB van die CGA, het die MCA verwelkom en gesê: "The CGA already represents over 1 560 growers from South Africa, Eswatini, Zimbabwe, Botswana and Namibia. It is a great pleasure to welcome our Mozambique neighbours as well. We are now a truly united Southern African industry association. The world appreciates the quality of citrus from our region. This represents immense opportunities for everyone in Southern Africa. By working together, growers across borders can achieve greater efficiency, competitiveness, and profitability."

## SUURLEMOEN *TRACKING*

Die volgende suurlemoen *tracking* sessie sal om 14h00 op Donderdag 13 Junie gehou word – kontak asseblief precious@cga.co.za indien u enige verdere inligting benodig.

## GEPAK EN VERSKEEP

Soos die seisoen vorder en die pak-tendense duideliker word, ontvang die Variëteits - Fokusgroepe nuwe inligting vir die opdatering van voorspellings. Beide die Pomelo-fokusgroep en die Suurlemoen-fokusgroep het hul voorspellings elk met 'n miljoen kartonne verminder. Dit bring die verwagte uitvoervolume met 10 miljoen kartonne af. In vergelyking met die oorspronklike skatting, is dit 'n aansienlike vermindering.

| Einde van Week 22<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 10.4 m | 8.5 m | 9.5 m | 7.2 m | 7.2 m | 16.8 m | **14.9 m** | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 8.5 m | 11.6 m | 11.4 m | 7.6 m | 8.0 m | 43.0 m | 43.0 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 15.3 m | 18.1 m | 17.3 m | 16.0 m | 13.8 m | 37.9 m | **35.8 m** | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 5.0 m | 5.7 m | 5.7 m | 2.4 m | 2.3 m | 25.7 m | 21.9 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 0.4 m | 0.6 m | 0.3 m | 0.2 m | - | 58.3 m | 56.1 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **39.6 m** | **44.5 m** | **44.2 m** | **33.4 m** | **31.3 m** | **181.7m** | **171.7 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA***